**Reeks:** *Vision* Sondag
**Titel:** *Vision* Sondag
**Prediker:** Johan Geyser
**Datum:** 6 Februarie 2011

daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

---

Ons lees vanoggend saam uit die tweede brief van Paulus aan die Korintiërs, hoofstuk vier, vanaf vers vyf. Want ons verkondig nie onsself nie, maar Christus Jesus as Here, en onsself as julle diensknegte om Jesus se ontwil, want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn, dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus, maar ons het hierdie skat in erdekruike sodat die voortreflikheid van die krag van God mag wees, en nie uit ons nie. Dit is die woord van die Here.

'n Rukkie gelede ontmoet ek iemand wat vir my vra wat ek doen. Na ek hom verduidelik het sê hy vir my, o, dit klink vir my jy probeer 'n gemeente bou. Ek sê ja, dit is waaroor my lewe gaan; om 'n sekere soort gemeenskap tot stand te bring, en sy vraag aan my was nou why on earth would you do something like that. Ek het in sy woorde agtergekom dat hy glad nie dink dit is 'n baie goeie idee om so iets te doen nie. Ek het hom dadelik geantwoord met 'n vraag en vir hom gesê dit klink vir my asof dit nie vir jou 'n baie goeie idee is om so iets te doen nie. Hoekom sal jy so voel?

Hy het my begin verduidelik dat hy dink kerk glad nie 'n baie goeie idee is nie. Hy het vir my gesê hy is 'n Christen, hy glo in God, maar die kerk hou 'n mens 'n kind, want die kerk skryf vir jou voor en die kerk beheer jou, en die kerk is 'n institusie en 'n organisasie wat vasgevang is om sy begrotings te laat klop, so dit gaan uiteindelik daaroor dat mense salarisse moet kry en dat die paaiement op die kerkgeboue betaal moet word, en dat dit glad nie bevorderlik is vir jou spiritualiteit nie.

Hy het gevoel in sy lewe dat een van die groot hindernisse wat hy moes oorkom in sy geestelike journey juis die kerk was, en hy het afgesluit met die woorde, jy weet, en die kerk het baie bloed in sy hande en baie geraamtes in sy kas, en ek vra jou, dis onverstaanbaar, hoe kan 'n sport franchise soos die Lions miljoene rande in hulle gepomp word en nooit bereik hulle iets of doen hulle iets nie.

Ek het agtergekom daar is 'n versoeking om af te gaan van die onderwerk af, want ons sal hierdie jaar sien wat doen die Lions, maar in elk geval, hulle kom in elk geval nie vir 2,000 jaar nie, soos die kerk nie. Ek het gevoel my vriend het 'n paar groot gapings in sy redenasie, in sy mondering.

Een van die dinge wat ek oor bekommerd is en wat algemeen al hoe groter vandag na vore kom is natuurlik die feit dat ons realiteit skep en idees vorm bloot op ons eie ervaring. Ons raak die gesag van ons eie lewe. Hy kyk nie na die geskiedenis nie. Jy weet, ek kan ook... daar is geraamtes. Daar is bloed in die kerk se hande, maar weet jy wat het die kerk ook? Die kerk het martelare. Die kerk het heiliges opgelewer. Die kerk is 'n organisasie wat verban is, vervolg is, vermoor is, maar deur 2,000 jaar kon hy nie uitgewis word nie en is hy vandag in elke deel van die wêreld. Verklaar dit.

Ek kan na ander goed toe ook gaan. Ek dink nie hy is ingelig deur iets wat die Bybel sê oor die kerk nie. Sy idee van die kerk is uit sy eie ervaring gevorm, en natuurlik het hy mense wat sy ervaring deel, en dit is so dat daar vandag 'n groeiende groep mense regoor die wêreld is wat voel dat kerk oorbodig is, wat voel dat hulle spiritualiteit wil hê, maar dat hulle nie kerk wil hê nie. Hulle wil nie godsdiens hê nie. Hulle is moeg vir dit, en hier is een groot probleem wat ek het met my vriend se redenasie, en dit is uiteindelik waaroor ons gesprek gegaan het. Ek voel hy skei die skat van die erdekruik.

Kom ek verduidelik. As ons teruggaan na die gedeelte wat Paulus gesê het sê Paulus vir ons dat God het gesê daar moet lig wees. Hy vat ons na die skepping toe en dan sê hy, net soos wat God gesê het, daar moet lig wees in die duisternis by die skepping, so het God met ander woorde in ons geskep. Dit is hy wat in ons harte geskyn het. God het in ons ingekom en hy het in ons harte ingeskyn. Daar het 'n verligting plaasgevind. There was an awakening. 'n Ontwaking het in ons plaasgevind, en daardie ontwaking is die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Christus Jesus.

Ek kan nie verstaan hoekom die ou mense sulke lang sinne en sulke moeilike sinne gebruik het nie. Wat beteken dit? So hy sê daar het 'n verligting gekom. Daardie verligting is die heerlikheid van God in die aangesig, in die teenwoordigheid, van Jesus. Nou, as jy heerlikheid vat en jy doen 'n studie deur die Bybel van heerlikheid dan sal jy sien Moses het die heerlikheid van God gesien. Hy wil dit sien. Dit is basies die essensie van God self. Dis sy heerlikheid, en dit straal uit Hom uit soos 'n lig. Hulle noem dit the glory; die heerlikheid van God. Dit was in die

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

tempel, bo-op die ark, fisies waarneembaar in die vorm van 'n wolk, maar Esegiël het gesien hoe die heerlikheid van God uit die tempel uittrek. Dit het om die mure gegaan van Jerusalem, en dit het die tempel verlaat.

Mense het aangegaan en God aanbid maar God se heerlikheid was nie meer daar nie. Hy was nie meer fisies daar nie, maar die tempeldiens het aangegaan en die profete het begin profeteer, hulle het begin huil, hulle het begin roep na 'n ander dag wat die heerlikheid van God sal terugkom, die skat, die essensie van waaroor dit gaan, en uiteindelik lees ons in Johannes 1 die heerlikheid is terug. Jesus word gebore. Hy is vol van die heerlikheid van God, en ons aanskou die heerlikheid van God in Jesus Christus. Dit is die skat waarmee ons sit. As ek dit in eenvoudige Afrikaanse algemene spreektaal kan sê, dis Jesus.

Dis ons verhouding, dis ons connection met Jesus self, dis ons ervaring van Jesus. Dit is die skat wat ons het, maar Paulus sê hierdie skat is in 'n erdekruik. God het dit so gekies dat hierdie wonderlike ding wat van God af kom word geplaas en gesit in 'n menslike ding, 'n erdekruik wat deur 'n mens gemaak is. 'n Erdekruik is 'n... kan tot niet gaan. Hy kan breek, hy kraak, hy is nie volkome nie. Hy is... party mense hou van hom, party mense hou nie van hom nie.

God het gekies dat die skat in 'n erdekruik is. Hy het nie gekies dat die skat suiwer na ons toe sal kom nie. Kyk, engele kon vir ons die skat gebring het. Hy kon self sonder die bemiddeling van 'n mens. Sou die wêreld nie anders gewees het nie as engele die evangelie verkondig, maar weet jy wat is die doel van... as ons sien wanneer engele optree en mense engele ervaar dan is dit om hulle te vat na ander mense toe, 'n gebroke mens, om jou te kan help om die skat te kan ontdek en die skat te kan kry.

Dis hoekom dit partykeer ook so moeilik is om daardie skat te kan kry. Dis hoekom mense sê jy moet hom soek. Hy is nie altyd so maklik sigbaar nie. Die erdekruik is baiekeer oordonderend, en wat my vriend sê is ek soek nie 'n erdekruik nie. Ek wil net die skat hê. Ek is 'n baie geestelike mens. Ek wil niks met godsdiens te doen hê nie, en ek het gewonder, as ons dit op 'n diagram moet gooi dan sal dit dalk so iets lyk, en ek wonder waar lê jy, en ek wonder waar dink jy waar lê Mosaïek op hierdie prentjie.

Jy kry in die linker onderkanste kwadrant, okay, dis nie spontaniteit nie; dis spiritualiteit, en godsdiens. In die onderste kwadrant is jy laag in spiritualiteit en laag in godsdiens. In die linkerkanste boonste kwadrant is jy hoog in spiritualiteit. Daar is baie van die skat, daar is min erdekruik, en dan is daar aan die regterkant baie erdekruik, daar is min spiritualiteit. Daar is min van die skat. Regs bo, hoog godsdiens, hoog spiritualiteit. Baie erdekruik, baie, baie van die skat ook, jy weet.

Nou, hier is 'n paar algemene uitdagings en probleme waarmee ons te doen kry as ons met die skat en die erdekruik werk. Aan die een kant is daar my vriend wat sê ek stel nie belang nie. Aan die ander kant is daar mense wat die skat totaal vereenselwig met die erdekruik, dit is dieselfde ding vir hulle, jy weet, maar die skat is nie die geboue nie, jy verstaan? Die skat, die koninkryk, jy weet, die koninkryk en die kerk, daar is 'n verskil tussen die koninkryk... dit is nie die geboue nie.

Ons skat is nie ons dogma nie. Dit is natuulik wat baie mense dink; ons skat is ons dogma. Dis die essensie waaroor kerk wees gaan en waaroor ons bymekaarkom, so jy moet dit glo. As jy dit nie glo nie is jy uit. As jy dit nie glo nie kan jy nie saam met ons nagmaal gebruik nie. As jy nie 'n lidmaat is nie dan is jy uit. Die essensie en die kern van ons bestaan gaan oor dogma so ons stry die heeltyd, wie is reg en wie is verkeerd, en ons is natuurlik reg. Niemand anderster is reg en verstaan nie.

Dis nie die skat nie. Dis nie ons kultuur nie. Jy weet, kultuur, die geboue, die dogma, dit is alles deel van die erdekruik wat ons geskep het. Ons het dit gemaak. Ons kultuur. Jy kan nie... die evangelie, die skat, kan nie na jou toe kom kultuurlos nie, alhoewel baie mense dit suggereer. Dit kan nie. Hy is vanmôre in Afrikaans. Dis klaar sterk kultureel gebonde. Hy is binne ons konteks. Dis die kultuur wat... maar jy moet hom duidelik onderskei.

Die skat is nie ons kultuur nie, en ons weet in die verlede wat in hierdie land gebeur het, waaar die skat vereenselwig was met die kultuur. Vroeë sendelinge wat na Suid-Afrika toe gekom het het dit ook gedoen. Toe hulle kom by die Zulus toe sê hulle vir die Zulus ons kan nie vir jou preek as jy 'n riempie dra nie. Julle vrouens, julle moet t-shirts aantrek dan kan julle Christene word en Christene wees. Ons kultuur... dis die vorm, dit is nie die kultuur nie. Dis nie ons waardes nie, verstaan?

Die waardes wat ons skep is ons waardes, dis die goed wat vir ons belangrik is en dis wat ons dink. Dis alles deel van die kruik. Jy kry klomp erdekruike, kruikvatte. Jy kry sulke skewe langes, jy weet, soos jy kry 'n Methodiste

© Mosaïek

een, funny. Jy kry ‘n baie meer volmaakte mooi rooskleurige een, ‘n Mosaïek een. Hulle is almal mensgemaak. Hulle is almal gebroke, kyk, en hier is die groot probleem.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

As jy nie kan onderskei nie en dis vir jou een ding dan raak jy ‘n Fariseër, want dis wat met die Fariseërs gebeur het. Die inhoud, die skat, het verlore gegaan. Hulle het net met die vorm gesit, met die buitekant, met die houer. Dit was Jesus se probleem met hulle. Hy sê vir hulle julle het niks binnekant nie. Ek kan nie fout vind met wat julle doen nie. Julle is perfek aan die buitekant. Julle glo die regte goed. Julle doen die regte goed. Daar is net niks lewe binne nie. Daar is niks eg binne-in julle nie. Dit help nie. Julle mis dit. Die groot gevaar is jy word ‘n Fariseër.

My vriend se gevaar is dat hy weer ‘n nuwe soort fundamentalis kan word. Hy suggereer dat ek het die skat sonder die erdekruik. Hy word die nuwe erdekruik. Kan jy verstaan? Want die manier waarop hy dit beleef en God beleef en oordra is individueel, dit is net hy, en hy is blind vir sy eie kondisionering, vir sy kultuur, vir sy dogma en sy idees. Hy is heeltemal... dit is nou onbesoedeld.

Kyk, want dit is hoe... kyk, dit is hoe godsdiens tot stand kom, nê, as twee van ons ‘n ervaring van God het. Ons het die skat ontdek. Ons het die skat gevind. God het ons aangeraak. Ons weet Hy is daar, Hy is by ons, Hy is in ons, en dan deel ons ons storie met mekaar, en dan sê ons, jig, weet jy, jy gee vir my woorde vir dit wat ek beleef en wat ek glo. Jy het verder op die pad gevorder as ek. Ek en jy moet weer bietjie bymekaarkom. Op daardie oomblik kom godsdiens tot stand.

Dan organiseer ons dit wat ons beleef het en dit was ons het, en dan kom ons bymekaar en dan sê ons nee, nee, nee, jy moenie dit doen nie. Jy moenie dit... as jy dit doen dan doen dit hierdie ding skade wat jy het, dan doen dit skade, so ons begin reëls maak. Ons begin te sê dis wat jy moet glo. Ons wil hierdie ding bewaar. Verstaan jy? Dit is hoekom ons godsdiens skep en dit is hoekom daar godsdiens is, en godsdiens is ‘n wonderlike, goeie ding, maar as... dis nie die belangrikste nie. Dis nie waaroor dit gaan nie, en Paulus sê jy kan nie die skat hê sonder dit nie.

Jy weet, ek het ‘n familielid wat diep opgewerk is oor erdekruike. Hy het nou gekies om ‘n glas erdekruikie... ‘n klein glas erdekruikie daar te stel. Hy wil nie geboue hê nie. Hy weet hy het ‘n erdekruik, maar hy is half allergies. Sy ervaring deur al die jare het vir hom gesê, jy weet, erdekruike kan soveel skade doen, en nou probeer hy ‘n nuwe, glas, moderne, postmoderne erdekruikie daarstel om die saak wat hy glo hy voor geroep is beter te dien, om die skat uit te bring en dit toeganklik te maak vir mense wat totaal afgesit is deur die erdekruike wat hulle sien en waarmee hulle te doen kry, maar jy kan nie sonder ‘n erdekruik nie.

Jy sien, die probleem is dat dis dieselfde as wat mense dink ek kan die Bybel lees sonder enige brille. Jy weet, daar is ‘n manier... soos mense wat sê ek het nie ‘n probleem nie, jy weet, en ‘n paar mense het al vir my gesê hulle het glad nie ‘n probleem met jou nie, solank jy net die Bybel verkondig, dan dink ek, okay, is daar predikante wat ander goed doen. Wat jy eintlik bedoel is ek het nie ‘n probleem met jou nie, solank jy die Bybel verkondig volgens my weergawe, want ons lees dit met ‘n bril.

Jy weet, ek sit by ‘n kongres en sielkundiges... dit gaan oor homoseksualiteit, en sielkundiges praat en psigiaters praat en sosioloë praat, en op die einde toe staan ‘n predikant op, toe sê hy ek het nou geluister na wat almal sê, maar kom ons luister net bietjie vir wat sê die Bybel, jy weet, wat sê God nou, so asof nie een van daardie ouens nog ooit die Bybel gelees het of verstaan het of gehoor het nie, en asof dit so eenvoudig is dat daar is een regte manier, en jy kan sonder enige... jy het nie ‘n erdekruik nie. Jy kan... sonder ‘n bril kan jy na die Bybel toe gaan en die Bybel verstaan.

Dit is die... dit is my definisie van ‘n fundamentalis. Dis eintlik diep, diep verwaand, eintlik diep verwaand om te sê dat jy suiwer, sonder enige besoedeling, sonder enige interference van jou kant af met die skat kan sit en met die skat kan loop. Paulus sê jy kan nie, so maak jou oë oop. Jy het ‘n erdekruik. Jy is deel van ‘n erdekruik, maar dit is hoe God dit beplan het. Dis wat hy sê. Hy het gekies om dit so te doen sodat die krag van God getoon kan word juis in swakheid. Die lig skyn juis in duisternis, en dit is hoe God dit gekies het om dit te doen.

So wat ek vir my vriend sê is ek verstaan en ek is so jammer, en ek weet nie van iemand wat nie een of ander tyd ‘n lekker klap wegkry deur die kerk nie. Erdekruike stel teleur, maar ons is mense van geloof en ons word geroep om te kyk verder as die erdekruik. Ons word geroep om die skat te bewaar, en ons word geroep om ‘n erdekruik te skep, te hou, te verander, af te breek, nuwe erdekruike te bou wat die skat kan dien en die skat kan bewaar, en ons moet ons oog op die skat hou, maar sonder die erdekruik gaan ons nie ‘n skat kan hê nie, wel, nie die skat van Jesus nie.

© Mosaïek

Jy kan dit Jesus noem, maar dis nie Jesus nie, want Jesus se skat kom in 'n erdekruik, so ek glo aan die heilige, algemene Christelike kerk. Dit was my antwoord aan my vriend, en dit is natuurlik wat hulle in die derde eeu die gelowiges, toe hulle doodgemaak word vir hulle geloof, toe moes hulle sê waarvoor word ons doodgenaak, toe sê hulle ek glo in God die Vader, ek glo in die Seun, ek glo in die Heilige Gees, en ek glo aan die heilige, algemene, Christelike... ek glo nie in die kerk nie; ek glo aan die kerk.

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Die Jesus se bruid. Hy het gesterf vir Sy kerk. Hy is besig om 'n kerk te bou en Sy gemeente te bou. Hy is besig om Sy gemeente te gebruik om die koninkryk na die wêreld toe te bring en Hy gaan terugkom vir Sy bruid. Ek glo aan die heilige, algemene, Christelike kerk al sê my ervaring anders, al lyk dit vir my na 'n patetiese klomp mense as ek so kyk na die kerk oor die wêreld, al sien ek nie 'n goeie track record nie, al is daar geraamtes, al is daar bloed in die hande. Ek glo aan die heilige, algemene, Christelike kerk, en dit is hoekom ek my lewe gee, my tyd, my energie, my krag, alles wat ek het om te probeer om deel te wees van dit wat God besig is om te doen op hierdie wêreld.

Net drie opmerkings oor die skat om net dalk die skat bietjie beter was te vat. Dis Christus, en dis die skat wat ons het. Hier sit vanmôre van ons honderde wat 'n belewenis en 'n ervaring van Jesus het. Paulus sê ek verkondig Jesus as Here. Hy is die Here. Dit beteken daar is 'n plek in hierdie heelal van waar af alles beheer word al lyk dit na chaos, al lyk dit deurmekaar, al is dit sinneloos, al lyk dit so.

Daar is orde. Daar is beheer, en ek wil... ek volg Hom. Ek gee my lewe oor aan Hom. Hy is my verlosser. Hy is my redder. Hy is my leidsman. Ek wil hom dien. Paulus sê in Fillipense 3:1 it's my determined purpose that I may know Him, that I may progressively become more deeply, intimately acquainted with Him, understanding, perceiving and recognising the wonders of His person more strongly and more clearly.

Dis waaroor dit gaan, en weet u wat, soos wat ons aan die begin gesê het, dit maak nie saak wie jy is nie. Dit maak nie saak nie. Dit maak nie saak wat jou verlede is nie. Dit maak nie saak wat jy gedoen het nie. Dit maak nie saak wat jy glo nie. Dit maak nie saak wie jy is nie. Dit gaan oor Jesus, en dit is natuurlik wie ons is, en dit is hoekom ons nie... en daardie feit transendeer alle verskille, alles.

Hierdie week wat verby is het ek so gevoel dis 'n prentjie van Jesus en van die kerk; Madiba is siek. Ek weet nie of jy gesien het wie kom almal om sy bed staan nie. Kom ek sê julle net 'n bietjie; daar is manne en vroue. Daar is chauviniste en feministe. Dis nie 'n goeie kombinasie as jy hulle bymekaar sit nie. Daar is vegetariërs en vleiseters. Daar is Hindoes en daar is Christene. Daar is animiste en baptiste. Daar is ekonome en ouens van die komunistiese party; bankiers en kommuniste wat saam met hom kom staan om sy bed. Daar is wit mense, daar is swart mense.

Daar is nogal so bietjie spanning. Jy moenie daardie ouens sonder Madiba in dieselfde kamer gooi nie, dan het jy fireworks, maar wat gebeur daar? Skielik, as gevolg van sy teenwoordigheid, as gevolg van hulle respek vir hom, as gevolg van wie hy is, gaan hulle oor al die verskille en hulle is een, al is dit net vir daardie oomblikke wat hulle saam is daar, en ek dink maar dit is die prentjie van die kerk. Almal is welkom.

Almal is welkom, en as daar iets is wat my hart laat klop dan is dit dat as ek my vriende nooi en hulle kom hiernatoe, dat hulle sê wow, en dan was hulle bang voor die tyd. Jig, ek glo nie, ek is nie in 'n kerk nie. Jis, julle moenie my pressure nie. Moenie dat ek... ek is... ek kan nie kom nie, en hy kom en hy sê wow, ek was welkom, ek kan hier wees.

Die tweede groot ding is die eerste dissipels het Jesus ontmoet as hulle bymekaarkom. Die heerlikheid van God het op die gemeente gekom. Die gees is uitgestort, Handelinge 2, op die kerk, en die heerlikheid van God rus op sy gemeente, so hulle het letterlik geglo Jesus het vir hulle gesê as julle in my naam bymenaak kom, Matteus 18:20, dan is ek daar. Hulle het dit letterlik geglo, so hulle kom in die naam van Jesus bymekaar, en toe party ouens nie meer bymekaar kom nie toe skryf Paulus vir hulle en sê julle moenie die onderlinge byeemkomste versuim soos wat sommige van julle die gewoonte het nie.

Ons het 'n gewoonte, en hoor hierso, partykeer kan dit baie exciting wees as ons bymekaarkom, maar ons het dit nodig. Ons het dit nodig want ons het die skat. Dis waar jy die skat weer kan sien. Dis waar die lense, jou oë, weer afgevee word en oopgemaak word. Dis waar jy beleef die skat van die Here, as jy met die gelowiges bymekaarkom.

Jou geloof... die Christen lewe en geloof word gedra, gehou, en gevoed deur die community, deur gemeenskap. Sonder dit kwyn jy en kan jy nie. Jy het dit nodig. Jy weet, partykeer is dit exciting. Partykeer is dit lering, dis genesing, dis wow, dis awakening wat plaasvind. Partykeer is dit baie boring, maar ek het dit nodig. Dit dra my.

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Daar is 'n diep krag wat ek nie kan verstaan nie, en dis die krag van ritueel; as ons net bymekaarkom, jy weet. Jy kan die nie net fisies verklaar nie. Jy kan dit nie net psigies verklaar nie. Jy kan dit nie net sosiologies verklaar nie. Jy kan dit net verklaar in terme van 'n diep, onverstaanbare, misterieuse krag wat in ons midde werk wat jou hou, wat jou hou.

Jy weet, dis soos 'n ou wat AA toe gaan. Ek praat met 'n ou, hy sê vir my ek kan nie ophou om te gaan nie. Weet jy, dis so boring. Ek weet wat almal gaan sê, ek ken alles, hulle herhaal alles, maar weet jy, as ek ophou gaan weet ek ek gaan begin drink. Ek kan nie ophou gaan nie. Dit dra my. Jy weet, dis soos 'n gesin. Daardie selfde krag werk in 'n gesin, nê, 'n gesin wat sê ons eet een keer 'n dag saam, maak nie saak wat gebeur nie, ons sit om daardie tafel.

Hey, dis partykeer boring, en veral as jy 'n tiener het; kan ek nou gaan, wat gaan nou weer aan, jy weet, en dis nie lekker nie. Daar word nie diep emosies gedeel nie. Daar is geen kwaliteit tyd nie. Daar is nie deep connection nie, maar weet jy wat, dit hou ons gesin bymekaar. Ons doen dit. Ons doen dit. Magic moments kom later, en dit kom ook, maar dis die gewoonte waaraan ek moet vashou, om net my geloof te bewaar en te voed en te groei in die geloof wat ek het. Jy kan nie alleen nie. Die Here het gesê dis nie goed dat jy alleen is nie, so op 'n manier, in 'n sin, is my eie lewe nie meer my eie lewe nie. Ek moet dit deel met ander ook.

Laaste ding: missie. Ek ontmoet Hom in die wêreld. Die aarde is vol van Sy heerlikheid. Ek ontmoet hom wanneer ek iemand wat dors het kos gee. Jesus sê as jy dit aan daardie mense doen dan doen jy dit aan My, iets gebeur met My. Weet jy, ons soek almal na volheid, ons soek na blydskap. Jesus sê Ek sê vir julle nou goed dat julle blydskap volkome kan word. Ek stuur julle in hierdie wêreld in. As jy nie missie het nie kan jy nie volkome blydskap ervaar nie.

Baie van ons het ambisie maar, jy weet, as jou lewe net om jouself draai, want dis ambisie, jy weet, ek het groot drome en planne vir myself om 'n ander soort lewe te leef wat ek dink vir my 'n fantastiese lewe gaan wees. Dis ambisie, dan... die kerk het geglo as jy met sterk ambisie leef gaan jou lewe uiteindelik destruktief raak en nie lewegewend wees nie, en ons sien dit. Ons sien dit tot vandag toe. Die wysheid van 2,000 jaar wys vandag nog steeds dieselfde. Jy het missie nodig. Jy het nodig om iets te leef vir wat groter is as jy. Jy het 'n cause, jy het 'n saak nodig.

Jesus sê die koninkryk van God, Ek roep julle. Kom werk saam met my. Kom doen iets saam met my. Dis ons missie. Jy is gemaak... ons is gemaak daarvoor. Om 'n missie te hê beteken ek sit my agenda opsy, op kant vir iets groter buite. Ek offer op. Dis 'n legitieme agenda wat ek het. Ek verloor vryheid. Ek verloor resources. Ek het stres. Ek vat goed op my wat ek nie eintlik nodig het nie, maar dis vir 'n cause. Dis vir 'n saak. Ons is geroepenes. Ecclesia is die Griekse woord vir kerk. Dit beteken geroep, uitgeroep. Ek is uitgeroep uit my agenda in my lewe uit. Ek is geroep vir God se agenda, vir God se aktiwiteit, vir wat Hy besig is om te doen in hierdie wêreld. Jy word geroep.

As jy hier by die kerk uitry en hier is 'n ongeluk hier buite dan word jy geroep; kom, los jou agenda. Jy wou nou lekker gaan slaap het. Jy wou nou lekker gaan eet het. Jy wou nou lekker koerant gelees het. Los dit nou eers, hier is ander goed. Vat ongerief. Verloor jou vryheid.

As jy ouer word word jy geroep tot ouerskap. Kyk, ons trou baie selfsugtig. Jis,dit gaan lekker wees. Ons gaan vakansie hou. Ons gaan karre koop, en tot daardie klein bambinotjie kom, en dan? Ai, weg is my vakansie. Weg is my kar, en weg is my vryheid. Ek moet... elke middag moet ek hom rondry en... maar dis deel van volwassenwording. Dis deel van grootword. Dis deel van, hey, die lewe gaan nie net om myself nie, en ek besef ek lê my lewe af vir ander, soos Jesus.

Dis die lewe. Ek sien sy heerlikheid. Dis die skat wat hy vir ons gee. Ek kry dit, en Paulus bid in Kolossense 1. Hy sê ek bid, en die ou vertaling sê vir verligte oë. Ek bid dat julle oë sal oopgaan. Julle is aan die slaap. Ek bid dat julle wakker sal word en dat julle sal sien wat is die wil van God vir julle gemeente. Hy het 'n wil vir ons kollektief ook. Dit gaan nie net oor jou nie. Dit gaan oor ons ook, en oor Sy kerk waarvan ek deel is en wat hy deur ons wil doen en wat hy deur ons wil bereik, en baie van ons is aan die slaap.

Ons is aan die slaap gemaak deur ons ambisie. Ons is aan die slaap gemaak deur ons dringende behoefte en begeerte om goed in die hande te kry, om 'n sekere lewensstandaard te handhaaf, om sekere ervaringe te kan kry in my lewe. Ons is aan die slaap gemaak deur ons self-indulgence, ons luiheid, ons gemak. Ons is... deur vermaak, dis waarvoor ek leef, dis... ek doen alles, ek offer alles op net... ek is vasgevang deur sport. Ons doen groot en ons ontbeer en ons offer ons alles op om dit te kan kry en dit te kan hê. Ons dink dis die lewe. Hy kom,

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

Hy sê ek roep jou uit. Maak oop jou oë. Kyk na iets anders, en dis ons calling, en kom ons kyk vir ‘n paar oomblikke na net van die goed waarmee ons gemeente besig is en die calling wat ons besig is om uit te leef.

Nou, ons kom eenkeer ‘n jaar na u toe om die drome en die planne vir die tyd wat voorlê aan u voor te hou. Afgesien van ons maandelikse bedryfskostes wat gedek word deur die maandelikse tiendes en bydraes wat gegee word vra ons u eenkeer ‘n jaar om te gee vir ons fokusareas en punte wat deur baie diskussies en gebed bepaal word en vasgestel word, om te sê maar dit is die goed wat ons baie graag sal wil bereik vir dit wat voorlê.

Verlede jaar het u R2.3 miljoen gegee om dit te doen waarna u nou gekyk het op die skerms, en waarvan ons ook gepraat het aan die einde van verlede jaar met Silwer Mossie, met die afsluiting. Nou, ons groot fokuspunte vir die tyd wat voorlê is, nommer een, ‘n eenkantkom plek. Ons het Origins, wat nou ons projek was, ons projek is nou Invest, het nou ‘n plek geword wat ons bekom het in die Cradle.

Ons het geteken vir R6.5 miljoen. Twee jaar terug was die plek vir R12 miljoen in die mark. Ons is baie dankbaar. Dit is ‘n uiterse geskikte plek vir dit wat ons wil doen, want ons het agtergekom dat, afgesien van die kennis wat nodig is, verhoudings wat nodig is, en sekere dissiplines wat jy nodig het om te ontwikkel, het jy sekere ervaringe nodig om jou te vorm en jou te transformeer om ‘n dissipel van Jesus te wees.

Dis ervaringe wat nie hier kan plaasvind nie. Dis ervaringe wat kan plaasvind by Origins, en ons het alreeds begin. Ons het alreeds ‘n paar retreats gehad en ons is so dankbaar vir wat besig is om daar te gebeur. Ons moet daardie geld betaal oor twee jaar. Dis die kontrak wat ons geteken het. In die tyd wat verby is het twee persone na my toe gekom. Een het R0.5 miljoen gegee en die ander een R300,000. Ons het alreeds R800,000 ontvang vir Origins, en ek het net so ‘n ding in my wat sê dit gaan gebeur.

Jy weet, ons het nie die geld daarvoor nie, en ek weet vir die van u wat dalk nuut is sê nou hoe onverantwoordelik kan die leierskap van hierdie kerk wees. Dis nie ek nie, dis die ouderlinge wat dit geteken het. Nee, ons werk nog altyd so. Ons het nog nooit iets aangepak as ons geld het nie. Die kere wat ons gewag het sou ons vir altyd gewag het. Jy kry nie eers die geld nie. Waar die Here lei, daar voorsien hy. Ons grootste probleem is om uit te vind of dit die regte ding is en die regte tyd is, en dan kom die geld, en met dit wat alreeds besig is om te gebeur wil ek sê my geloof is besig om te groei, ons geloof as leierskap is besig om te groei. Dit gaan werk.

Die tweede groot en belangrike fokuspunt wat ons het is Formatio vir ons groei, ons ontwikkeling. Een van die groot gawes wat ons as ‘n gemeente het is kennis, en Paulus sê vir die jong Timotius study to show thyself approved unto God. Ons het nodig om ons gemoed te vernuwe, om kennis te kry, om anders te dink, te verstaan wat en hoekom dinge so werk, en daarvoor kom ons nou op ‘n Woensdagaand bymekaar en begin Trevor nou met hierdie identity invite [?].

Jy gaan die Bybel leer ken. Jy gaan verhoudings leer ken. Jy gaan die wêreld leer ken deur, ek dink, van die bekwaamste mense wat ons in Suid-Afrika het. Wat ‘n voorreg is dit nie. Ons droom natuurlik dat ons eendag ‘n akademie sal hê waarby ons kursusse geakkrediteer kan word, jy krediete kan doen wat jou kan opwerk na ‘n graad toe, uiteindelik ‘n meestersgraad, en ander studies te kan doen.

Dan is ‘n groot fokuspunt ons kinders. Hierdie gemeente was aanvanklik, 20 jaar terug toe ons begin het, wil ek sê die kragstasie en die dinamiek was veroorsaak deur tieners en jong mense wat die Here gevind het, en daar was ‘n groot energie. Jy weet, as jy Sondag by die kerk gekom het was dit tieners wat vir jou hallo gesê het en die goed uitgedeel het.

Ons kinders is vir ons baie belangrik. Ons dink dat die God van Abraham, Isak en Jakob ‘n God is van generasies, en toe ons hierdie hele plek beplan het was dit ons groot droom dat ons kinders by Hom sal uitkom. Ons het voordat ons die matte gelê het en die sement sag was en nat was, het ons name kom neerskryf van familielede, vriende, wat ons sê Here, dis vir hulle wat ons dit doen, en hulle name is hier geskryf onder hierdie matte, baie van ons kinders.

My kind se naam is hier geskryf, en ek dank die Here hy het die Here gevind by Mosaïek. Hy verlang. Hy is in Nelspruit. Hy sê as daar iets is wat hy mis dan is dit hierdie plek, hierdie mense, hierdie community en wat dit vir hom beteken, en dis ons droom. Ons kinders moet hom vind, maar ons kinders gaan ook die leierskap oorneem, en ons het gedink op ‘n lang pad vorentoe. Ons doen dit nie net vir ons nou nie. Ons doen dit vir mense wat hier, uit hierdie plek en uit hierdie bediening en uit hierdie erdekruik sal put as ons nie meer hier is nie, en dis waarvoor.

© Mosaïek

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030 ♦ posbus 1658, fairland 2030 ♦ t: 011 268 4700 ♦ f:011 268 4800 ♦ info@mosaiek.com ♦ www.mosaiek.com

Ons het personeel aangestel. Ons is besig om heeltemal op 'n journey te gaan met ons aanddienste, te kyk hoe kan ons regtig 'n erdekruik daarstel wat die skat daar sal stel vir ons postmoderne jong mense en die wêreld waarin hulle nou leef. Ons het baie gereedskap en goed nodig vir dit ook.

Dan vir ons uitreik na buite, ons missionele aksies. Ons het 27 gemeentes in informele nedersettings waarvoor ons verantwoordelikheid gevat het. Die meeste van daardie perdikante se salarisse word deur ons betaal. Ons kerke is 'n gemeenskapsentrum, dieselfde konsep as wat ons... ons kerk is nie net 'n kerk waarin ons kerk hou nie; ons wil die gemeenskap dien daardeur.

Afhangende van die groot behoefte in daardie gemeenskap dien daardie kerk behoeftes in daardie gemeenskap deur die week. Dis AIDS klinieke, dis computer leersentrums, dit is... dis baie goed gebeur in daardie kerke wat daar is. Ons het 'n babahuis wat een van die modelle in Suid-Afrika geword het, wat deur die meeste kinders aangeneem is wat in Suid-Afrika... enkele instansie is deur ons babahuis na buitekant toe, en dan gee ons vir baie kinders kos elke week, en dan is daar 'n bejaardesorg wat plaasvind.

My hart het gebreek toe ek by die ouetehuis kom waarby ons betrokke is en 'n tannie my vertel dat in die jaar wat verby is sy geen kontak gehad het van enige familielid nie, nie met haar verjaarsdag nie, nie oor Kersfees nie, nuwejaar nie. Niks nie. Niemand het haar kom bel, hallo gesê, uitgevat nie. Sy is stoksielalleen daar met groot behoeftes. Ons is daar vir daardie mense ook.

Ons het vennootskappe wat ons het, hande gevat met ander mense. Ons het 'n baie groot werk wat ons doen daar en baie van ons finansies en goed gaan ook in dit in wat ons daar besig is om te doen, en dan in die laaste plek is 'n groot fokus ons kampus hier en die werk wat ons hier doen, om dit oop te hou en oop te maak ook vir ons gemeenskap en verder te gaan.

Dis vir ons 'n baie, baie belangrike jaar om besluite te neem. Jy weet, ons huur die stuk grond hier langsaan vir parkering wat ons dikwels nodig het. Dit hou vir ons 'n risiko in vir die toekoms, veral omdat ons besig is om te groei, waar gaan ons dan parkeer, maar ons moet besluite neem oor dit ook, maar ons moet hierdie jaar besluit waarheen gaan ons nou.

Wat ons 20 jaar terug gedroom het, dit het ons nou bereik. Dit het nou bymekaargekom. Nou, laat ek net vir u sê, 20 jaar terug het party mense gelag. Kyk, as jy 100 mense is en jy sê ons gaan 'n paar duisend wees, dan sê hulle is hy op 'n trip. Is daardie leierskap op 'n trip? Wat rook hulle? Dis onmoontlik. Dit het waar geword, maar nou moet ons kyk waarheen nou, wat nou. Ons... satelliete, ons weet nie. Ander plekke, ander gemeenskappe.

In ons gemeenskap is daar baie subkulture waarby ons kan uitkom. Hierdie jaar is 'n baie belangrike reinventing, refocusing periode vir ons. Ons het twee groot kundiges van Amerika wat ons gaan kom besoek vir 'n paar weke, wat saam ons gaan fasiliteer in 'n proses om te kyk en te droom en vorentoe te gaan. Ons weet net dit het net begin, dis nie die einde nie, jy weet, en dit is hoe die Here is, jy weet, jy kan nie op sy einde kom nie, en ons kan nie op die einde kom van dit wat hy wil doen nie. Ons het nou 'n basis. Ons het iets gekry. Wat gaan ons doen en waarheen gaan ons met dit? Ons wil dit uitfigure in die jaar wat voorlê.

Nou, u het 'n koevertjie ontvang, Invest. Ons vra u om dit te neem. As jy graag 'n pen wil hê, jy kan nie invul nie, skryf... steek jou hand op. Ons sal vir jou 'n pen bring om in te vul. Ons wil jou vra om iets te gee vir ons dat ons hierdie werk kan doen en hierdie goed kan tackle wat ons so graag wil tackle en afhandel in die jaar wat verby is... wat kom.

Ek weet dis 'n moeilike jaar. Vir baie van ons finansieël is in baie moeilike omstandighede. Ons vra u om iets te gee. As jy onseker is, gaan bid daaroor. Jy weet, ek het iemand wat vir my gesê het hy het 'n ou kar wat daar staan. Hy gebruik nie die kar nie. Hy wil hom regmaak. Hy gaan hom verkoop, hy gaan iets gee. Dis amper soos die eerste kerk dat hulle goed gaan verkoop en toe gee hulle vir ander mense. Iets.

Gaan bid daaroor as jy nie nou kan besluit nie. Jy weet jy wil iets doen, dan kan jy gaan bid daaroor. Wat kan ek opoffer, jy weet, want ons is geroep. Dit vra sacrifice. Wat kan ek offer, wat kan ek gee sodat hierdie werk kan gebeur? Ons gaan nou wag vir u finansiële bydraes en jy kan die koevert saam met die finansiële bydraes insit. Dit wat jy nou gee, of 'n belofte wat jy maak, jy kan dit dalk nie nou gee nie, ek sal dit later gee, oorbetaal, of ek gaan 'n bedrag gee oor 'n paar maande, dan is jy welkom om dit net so aan te toon vir ons. Baie dankie.

Kom ons sluit saam af met 'n gebedjie. Dankie, Vader, vir die wonderlike voorreg om op hierdie manier ook ons lewens hier te kan gee en U te kan dien. Dankie vir die voorreg om te kan gee en te kan leef uit die voorbeeld van

wat Jesus vir elkeen van ons kom stel het deur Homself te kom gee. Ons bid nou dat U vrede met elkeen van ons sal wees. In die naam van Jesus Christus. Amen.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

© Mosaïek